BYLAE A

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Direktoraat: Assesseringsbestuur

VERBINTENISOOREENKOMS BETREFFENDE DIE 2024 NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

BRIEF AAN KANDIDATE/OUERS/VOOGDE

KANDIDAAT SE NAAM **IDENTITEITSNOMMER**

SKOOL SE NAAM **DISTRIK**

1. Ingevolge die ***Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*** wat in *Staatskoerant* Nr. 31337 van 29 Augustus 2008 gepubliseer is, word die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) -eksamen deur alle provinsies in die land geadministreer en afgeneem.

2. Enige afwyking of oortreding van hierdie regulasies, deur 'n kandidaat wat geregistreer is om die NSS-eksamen in 2024 af te neem, sal die integriteit van die eksamen onder verdenking plaas. In ooreenstemming met die bepalings wat in die regulasies uiteengesit is, kan die **uitslae** van die kandidaat **nietig verklaar** word. Om hierdie rede moet kandidate vertroud wees met die reëls en regulasies, en die verbintenisvorm onderteken wat hierby aangeheg is. Ouers/voogde moet ook bevestig dat hulle bewus is van die reëls en regulasies deur die medeondertekening van die verbintenisvorm.

3. Voor die aanvang van die eksamen moet die kandidaat en ouer/voog kennis neem van die volgende:
   (a) Elke kandidaat moet registreer om die NSS-eksamen in 2024 af te neem.
   (b) 'n Toelatingsbrief sal aan die kandidaat uitgereik word om registrasie en die volgende inligting te bevestig:
      (i) Volle name en van
      (ii) Eksamennommer
      (iii) Skool se naam
      (iv) Vakke en die getal vraestelle wat deur die kandidaat afgeneem sal word
      (v) Datums waarop en tye wanneer elke vraestel geskryf word

   (c) Ouers en voogde moet die volgende kontroleer en verseker:
      (i) Die datums waarop en tye wanneer elke vraestel geskryf word

(ii) Daag betyds by die eksamensentrum op (ten minste 'n uur en 'n half voor die aanvangstyd)
(iii) Die kandidaat is te alle tye in besit van die toelatingsbrief en sy/haar identiteitsdokument (ID) en beskik oor voldoende skryfbehoeftes vir die vraestel.
(iv) Wanneer die eksamen afgeneem word, moet kandidate hul skooluniform dra.

4. Kandidate moet op die volgende let:
(a) Kandidate is in alle opsigte betreffende die eksamen verplig om die instruksies van die opsiener en hoofopsiener te gehoorsaam.
(b) Kandidate moet op hule eie die vrae in die vraestel beantwoord, sonder hulp van hulle eweknieë of opvoeders. In gevalle waar hulp deur 'n opvoeder/opsiener/leerder aangebied word, is dit die kandidaat se verantwoordelikheid om dit onder die aandag van die hoofopsiener te bring. Versuim om sodanige hulp aan te meld, sal daartoe lei dat die kandidaat by die eksamenonreëlmatigheid betrokke is.
(c) Dit is dus die kandidaat se verantwoordelikheid om enige inligting of gerugte rakende eksamenonreëlmatighede by die eksamenblitslyn aan te meld wat vir hierdie doel daargestel is. Die eksamenblitslyn is 'n 24 uur-diens. Benewens aanmelding by die eksamenblitslyn, moet die inligting ook onder die aandag van die prinsipaal gebring word. Versuim om dit te doen, word beskou as sameswering waarvoor die kandidaat aanspreeklik gehou sal word.
(d) Waar 'n vraestel of deel/dele van 'n vraestel deur middel van 'n e-pos, SMS, WhatsApp of enige ander elektroniese middel aan 'n kandidaat gestuur word en waar versuim word om sodanige geval onder die aandag van die opsiener/hoofopsiener te bring, sal hy/sy as 'n medepligtige beskou word.
(e) Alle kandidate moet die ***Grade 12 NSC Register for Electronic Devices*** voltooi, wat deur die skool bestuur sal word. Die register vir elektroniese toestelle sal van alle kandidate vereis om alle besonderhede van die selfoon of enige ander elektroniese toestel wat hulle vir die duur van die eksamentydperk, 21 Oktober tot 28 November 2024, gebruik, aan te teken. As die selfoon of enige ander toestel gedurende die eksamentydperk verander word, moet dit onder die aandag van die prinsipaal gebring word. (Die telefoonnommer en tersaaklike besonderhede van die selfoon kan as persoonlike inligting beskou word soos bedoel in artikel 1 van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), 2013 (Wet 4 van 2013). Deur hierdie ooreenkoms te onderteken, gee die kandidaat sy/haar toestemming, ingevolge artikel 11(c) van die POPIA, dat die persoonlike inligting gebruik kan word vir die afneem en administrasie van die NSS-eksamen.
(f) Sodra kandidate die eksamenlokaal binnegaan, moet hulle seker maak van die volgende:
(i) Geen notas of ander materiaal wat nie in die eksamenlokaal toegelaat word nie, is in sy/haar besit. Dit word as 'n onreëlmatigheid beskou om in die eksamenlokaal in besit te wees van enige notas of materiaal.

(ii) Geen selfone of enige ander toestel mag in die eksamenlokaal ingebring word nie. Enige sodanige toestel wat in hul besit gevind word, hoewel dit nie tydens die eksamen gebruik word nie, word beskou as 'n onreëlmatigheid en 'n gepaste sanksie sal opgelê word.

(g) Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om te kontroleer dat hulle die vraestel en/of vak ontvang waarvoor hulle geregistreer het.

(h) Geen eksamenantwoordboeke (of deel van 'n antwoordboek/antwoordblad), gebruik of ongebruik, mag uit die eksamenlokaal verwyder word nie. As dit gebeur, sal dit as 'n onreëlmatigheid beskou word en die kandidaat sal **GEEN** krediet vir die eksamen in daardie vraestel ontvang nie.

(i) Indien 'n kandidaat die verkeerde vak of verkeerde taalvlak (in 'n taalvraestel se geval) afneem, sal dit as 'n tegniese onreëlmatigheid beskou word, en dit sal meebring dat die kandidaat se uitslae gestop/gekanselleer/vertraag word.

(j) Kandidate word sterk aangeraai om nie verskillende handskrifstyle in hulle antwoordboeke te gebruik nie, aangesien die nasiener dit kan beskou as 'n antwoord wat deur 'n ander individu geskryf is. Dit sal tot 'n ondersoek lei wat die vrystelling van uitslae sal vertraag.

(k) Die gedrag van die kandidaat voor, tydens en na die afneem van die vraestel is belangrik. Ontwrigtende en oproerige gedrag word nie geduld nie, en die kandidaat kan die eksamen belet word.

(l) Waar 'n kandidaat aandadig aan 'n eksamenonreëlmatigheid is, moet die ouer/voog en kandidaat gebruik maak van 'n verhoor, aangesien versuim om dit te doen tot verdere vertragings in die vrystelling van die kandidaat se uitslae sal lei.

5. Die belangrikste tipes onreëlmatighede wat tydens die eksamen kan plaasvind, word op bladsy 6 uiteengesit.

6. Waar 'n kandidaat enige van die bogenoemde reëls en regulasies oortree, behou die Departement van Basiese Onderwys (DBO) die reg voor om die kandidaat se uitslae nietig te verklaar en hulle kan belet word om vir 'n tydperk van **een tot drie opeenvolgende eksamens** (soos gestipuleer in die Regulasies in *Staatskoerant* No. 31337 van 29 Augustus 2008) die eksamen af te neem. Strafregtelike vervolging kan opgelê word indien daar bevind word dat 'n leerder betrokke is by die uitlek van enige eksamenvraestel.

7. Die kandidaat en die ouer/voog moet daarvan bewus wees dat indien die kandidaat instem tot enige bystand, ongeag wie die hulp verleen het (d.w.s. die opvoeder/opsiener/medeleerder), dit as sameswering met die persoon wat die hulp verleen het, geag sal word. Versuim om sodanige bystand aan te meld, sal daartoe lei dat die kandidaat by die eksamenonreëlmatigheid betrek word.

8. Ouers/voogde en kandidate moet daarop let dat, indien daar bevind word dat die vraestel uitgelek het (d.w.s. dat dele van die vraestel of die volledige vraestel verkry is voor die eksamen), die direkteur-generaal in samewerking met Umalusi, 'n besluit sal neem of die vraestel/vraestelle herskryf moet word.

9. 'n Kandidaat wat na bewering voor die eksamen toegang tot die vraestel of dele daarvan verkry het, moet sy/haar selfoon of enige ander elektroniese toestel aan die DBO voorlê vir verdere ondersoek. Die kandidaat gee hiermee sy/haar toestemming dat die inligting op die selfoon ingevolge artikel 11(c) van die POPIA gebruik kan word vir die doel van die ondersoek.

10. Daar sal ook dissiplinêre stappe gedoen word teen amptenare wat by onreëlmatighede by hul eksamensentrums betrokke is.

VERKLARING DEUR OUER/VOOG

Ek, _____ ouer/voog van _____,
(Volle name van ouer/voog) (Volle name van leerder)

verklaar dat ek die reëls en regulasies rakende die afneem van die NSS-eksamen gelees het, en besef die gevolge sou my kind/pleegkind in stryd wees met enige van die regulasies.

_____ _____
(Handtekening) (Datum)

VERKLARING DEUR LEERDER

Ek, _____ _____,
(Volle name van leerder) (Eksamennommer)

verklaar dat ek die reëls en regulasies rakende die afneem van die NSS-eksamen gelees het, en besef die gevolge sou ek in stryd wees met enige van die regulasies.

_____ _____
(Handtekening) (Datum)

MAGTIGING VAN PRINSIPAAL (*Ex officio*)

Ek, _____, van _____
(Prinsipaal se naam) (Skool se naam)

getuig dat die bogenoemde verklaring in my teenwoordigheid onderteken is op:

_____ by _____
(Datum) (Skool se naam)

_____
(Prinsipaal se handtekening)

Skoolstempel:

Hierdie verbintenisooreenkoms moet bewaar word totdat al die eksamenonreëlmatighede uitgeklaar en die daaropvolgende appèlprosesse afgehandel is. Die kandidaat moet 'n afskrif hiervan ontvang en die oorspronklike dokument moet by die skool bewaar word.

TIPES ONREËLMATIGHEDE WAT KAN VOORKOM

NO.	AARD VAN ONREËLMATIGHEID
1.	Laatkommery (kandidate sal nie toegelaat word om te skryf indien hulle meer as 'n uur na die aanvangstyd opdaag nie. Geen ekstra tyd sal aan kandidate toegeken word wat laat opdaag nie).
2.	Ongemagtigde materiaal word in die eksamenlokaal ingebring (afkyknotas, selfone of ander elektroniese toestelle, ens.).
3.	Afkyk (by 'n ander persoon/enige ander bron).
4.	Ander kandidate toelaat om by hulle af te kyk.
5.	Skimskrywers (enige ander persone wat namens die kandidaat/kandidate) skryf).
6.	Bladsye word uit die antwoordboek verwyder of die antwoordboek word beskadig (alle rofwerk moet in potlood in die antwoordboek gedoen word, 'n streep moet daardeur getrek en as "rofwerk" gemerk word).
7.	Die verkeerde eksamennommer word op die antwoordboek geskryf.
8.	Aanvaar antwoorde van opsieners of enige ander beampte.
9.	Versuim om die antwoordskrif en los antwoordblaaie aan die einde van die eksamensessie by die opsiener in te handig.
10.	Die kandidaat is dronk/onder die invloed van enige onwettige middel en is skuldig aan wangedrag.
11.	Enige vorm van intimidasie.
12.	Verkryging van die vraestel uit enige ander bron voor die vasgestelde eksamendatum en tyd, en verspreiding van die vraestel as 'n drukstuk of deur elektroniese formaat deur gebruik te maak van sosiale media (bv. WhatsApp, ens.).
13.	Eksamen word buite die eksamenlokaal afgeneem.
14.	Versuim om met die opsiener te kontroleer of dit die regte vraestel is (getal bladsye, getal vrae, tydsduur van vraestel, korrigering van errata – indien enige).
15.	Enige optrede of gedrag deur die kandidaat of enige ander persoon wat hom/haar in staat sal stel om 'n onregverdige voordeel tydens die afneem van die eksamen te hê.
16.	Versuim om enige kennis oor of besit van 'n uitgelekte vraestel aan te meld, of direkte of indirekte toegang tot 'n uitgelekte vraestel te verkry.
17.	Versuim om direkte/indirekte toegang tot 'n uitgelekte vraestel via WhatsApp aan te meld en nie die bron daarvan te onthul nie.